# Grassnyerreeks

| Model | Sny-wydte (m) | Lemme | Ratkas | Gly-koppelaar | Totale Massa (kg) | Afmetings Lengte/ Wydte (mm) | | Sny-hoogte Min/Maks (mm) |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Falcon Blowermower™** | | | | | | | | |
| F50/120BM | 1.2 | 4 | F50 | OPS | 371 | 1660 | 1410 | 0/100 |
| F50/150BM | 1.5 | 4 | F50 | STD | 560 | 1950 | 1710 | 0/100 |
| **Falcon Rollersnyer** | | | | | | | | |
| F25/90R | 0.9 | 3 | F25 | OPS | 185 | 1330 | 1100 | 0/100 |
| F25/120R | 1.2 | 4 | F25 | OPS | 238 | 1580 | 1380 | 0/100 |
| F40/120R | 1.2 | 4 | F40 | STD | 345 | 1600 | 1370 | 0/100 |
| F40/150R | 1.5 | 4 | F40 | STD | 472 | 1950 | 1730 | 0/100 |
| F50/150R | 1.5 | 4 | F50 | STD | 493 | 1950 | 1730 | 0/100 |
| F50/180R | 1.8 | 4 | F50 | STD | 595 | 2370 | 2060 | 0/100 |
| **Falcon Rotagang™** | | | | | | | | |
| 3 GANG met raam | 1.75 | 12 | F25 | Vryloop-koppelaar | 421 | 2560 | 2050 | 0/40 |
| **Falcon Grassmulcher™** | | | | | | | | |
| F25/120GM | 1.2 | 4 | F25 | OPS | 309 | 1700 | 1420 | 10/100 |
| F50/120GM | 1.2 | 4 | F50 | OPS | 345 | 1660 | 1420 | 10/100 |
| F50/150GM | 1.5 | 4 | F50 | STD | 480 | 1950 | 1710 | 10/100 |
| F50/180GM | 1.8 | 4 | F50 | STD | 650 | 2370 | 2030 | 10/100 |

Die eenvoudige voordeel daarvan om gras gereeld te sny is dat dit die gehalte van die grasoppervlak verhoog. Implementkeuse moet egter nie net op snitgehalte gebaseer word nie, maar ook op gemak van instandhouding, eenvoud van operasie, en die wete dat die masjien jou baie jare lank goed sal dien, omdat goeie turfbestuur die gereelde gebruik daarvan sal vereis.

Die skep van 'n "Wembley"-effek is ook voordelig ten opsigte van die estetiese voorkoms van sportvelde, gholfbane en parke. Hierdie effek word verkry deurdat die rollers die gras in die snyproses eers in een rigting en dan in die teenoorgestelde rigting stoot.

Alle Falcon-toerusting word plaaslik in Howick vervaardig en is ontwerp om eenvoudig, veilig en diensbaar te wees en uitstekende waarde vir geld te bied. Dit is taai, en die eenvoudige ontwerp en beperkte aantal slytonderdele verseker dat onderhoudsonkoste minimaal is. Ons toerusting is gebou om te hou en is in staat om die strawwe Suid-Afrikaanse toestande die hoof te bied. Voortreflike klantediens is ook deel van die Falcon-belofte, en die voortdurende vernuwing by Falcon is op ons begrip van klante se veranderende behoeftes gebaseer.

## Produkgroepe & Produkte

**Wentelsnyers**
Ligtediens
Mediumdiens
Swaardiens
Ekstraswaardiens

**Hooimaaktoerusting**
Haymakers®
Baalhanteringstoerusting
Uniloaders™

**Strooiers**
Rotorspreaders
Kalkstrooiers

**Grassnyers**
Blowermowers™
Grassmulchers™
Rollersnyers
Rotagangs™
Finishing Mowers
Roller Side Discharge Mowers

**Mulchers**
Fieldmulchers™
Side Discharge Mulchers

**Grondbewerkingstoerusting**
Rotavators (en Saadbedvormers)
Ploeë

**Falcon Agricultural Equipment (Edms.) Bpk. versprei die volgende reekse ingevoerde produkte:**
Votex-stokkiekappers
Votex-swaailemsnyers
Votex-reiksnyers
Batwing-wentelsnyers
Amazone-strooiers
Amazone-spuite
Amazone Groundkeepers

FALCON
werk vir jou!

Tel: 033-3304764
Faks: 033-3302120
E-pos: info@falconequipment.co.za
www.falconequipment.co.za

AUG '08

FALCON

# GRASSNYERS

Falcon-grassnyers lewer met veiligheid 'n volmaakte afwerking. Daar is verskillende modelle vir 'n verskeidenheid take, met snywydtes wat wissel van 0,9 tot 1,8 m en snyhoogtes van 0 tot 100 mm.

# FALCON-GRASSNYERS

**F50/150BM Blowermower™**

**Falcon Blowermower™**
Die unieke en gepatenteerde Blowermower™ is die ideale implement om 'n topgehalte-snit op groot grasperke, sportvelde, skoolterreine en speelvelde te verseker. Dit is ontwerp om veilig 'n volmaakte afwerking in openbare gebiede te lewer.

Dit sny en tel die gras in een operasie op. Die grassnysels word dan in 'n sterk herbruikbare sak ingeblaas, of, as die sak nie gebruik word nie, eweredig vanuit die geut versprei.

Die Falcon Blowermower™ is beskikbaar met 'n snywydte van 1,2 m of 1,5 m. Die snyhoogte is verstelbaar van 0 tot 100 mm, na gelang van die verlangde afwerking.

**F40/120RM Rollersnyer**

**Falcon Rollersnyer**
Die Falcon Rollersnyer is 'n laekoste-implement vir die instandhouding van alle turfgebiede van grasperke tot polovelde. Dit is ontwerp om met veiligheid 'n netjiese, eweredige snit te lewer. Koepelvormige kappe is aan die rollerente aangebring om die turf te beskerm en sodoende glymerke te voorkom.

Die rollersnyer is beskikbaar met 'n snywydte van 0,9 m, 1,2 m, 1,5 m of 1,8 m. 'n Kontrahaak is standaard op die F40- en F50-reeks, sodat daar maklik tot teenaan heinings gesny kan word. Die snyhoogte is verstelbaar van 0 tot 100 mm, na gelang van die verlangde afwerking.

**F50/150GM Grassmulcher™**

**Falcon Grassmulcher™**
Die Grassmulcher™ is ontwerp vir die enkelaksie-instandhouding van sportterreine en parke en skakel opruimingsprobleme uit. Dit is ontwerp om veilig 'n volmaakte afwerking in openbare gebiede te lewer.

Die Falcon Grassmulcher™ is beskikbaar met 'n snywydte van 1,2 m, 1,5 m of 1,8 m. Dit loop op volwydte-rollers. Die snyhoogte is verstelbaar van 10 tot 100 mm, na gelang van die verlangde afwerking.

FALCON
werk vir jou!

**Falcon Rotagang™**
Hierdie wentelsnyer word gebruik om gras van gholfbane, sportvelde, parke en behuisingseiendomme te sny, omdat dit 'n kort snit kan lewer sonder om skraping te veroorsaak.

**Rotagang™**

Elke rotor is onafhanklik gemonteer sodat elkeen op sy eie vlak kan beweeg om 'n eweredige snit te verseker waar ongelykhede ander masjiene se snydoeltreffendheid vanweë skraping sou beperk. Die masjien loop op strategies-geplaaste glystukke vir 'n baie kort snit te alle tye.

Die Falcon Rotagang™ het 'n 1,75 m-snywydte. Die snyhoogte is verstelbaar van 0 tot 40 mm, na gelang van die verlangde afwerking.

'n Opligraam is standaardtoerusting vir padvervoer met trekkers op gruis- óf teerpaaie. Baie min instandhouding is nodig, danksy die ontwerp en eenvoud van die masjien.

**Rotagang™ Opgelig**

# FALCON-KONSTRUKSIE

Falcon-grassnyers word vervaardig van topgehalte-staalplate wat met gestiksweiste hoek- en kanaalyster versterk is om verwringing en spanningsbreuke te verminder.

Die sypanele kan opgelig of laat sak word om die snyhoogte na gelang van die verlangde afwerking te verstel. Die paneelboute waarmee hulle vasgebout is, is in seshoekige holtes versink sodat slegs een sleutel vir hoogteverstelling nodig is.

Die topmas, wat aan die trekker se driepunt-skakeling vas kom, is gemonteer op busse wat aan die implement vasgebout is en met trekvaste kettings aan die agterkant van die implement gekoppel is. Hierdie buigbare koppelstuk laat die wentelsnyer toe om die grondkontoere te volg. Op 1,5 m- en wyer masjiene is die onderste koppelpunte van die vurktipe, met los penne.

Behalwe die Blowermower™, wat geheel en al omhul is, het hierdie masjiene rollers en flappe sowel voor as agter vir beskerming teen vlieënde klippe en ander los materiaal.

Die Falcon Blowermower™, rollersnyer en Grassmulcher™ loop almal op volwydte-rollers met koepelvormige entkappe sodat die wentelsnyers 'n "Wembley"-afwerking sonder enige skade aan die grasoppervlak kan lewer. Die Rotagang™ is lig maar sterk gebou, met rotors wat onafhanklik beweeg en op glystukke loop vir 'n topgehalte-snit.

**Metaalbehandeling en Verfwerk**
Alle Falcon-onderdele ondergaan 'n vyftenk-suurbadskoonmaak- en fosfaatbehandelingsproses. Die grondverflaag word dan aangebring deur algehele onderdompeling in 'n verftenk, wat verseker dat alle versteekte dele, holtes en ander ruimtes bereik word. Voordat die finale emaljekleurlaag aangebring word, word alle oop nate eers met 'n spesiale verseëlaar verseël om die toerusting teen vog te beskerm. Alle boute, kettings, kettingkoppelings en penne word geëlektroplateer om korrosie te voorkom.

**5-stap-skoonmaak-prosedure**

**Die Falcon-snymeganisme**
Falcon Blowermowers™ en Rollersnyers is toegerus met ronde, lae-impak-lemskywe met spesiale versinkte lemboute, wat toelaat dat die lemme 360 grade kan swaai wanneer obstruksies teëgekom word. 'n Driehoekige skyf met drie vurkgemonteerde lemme is aan die 0,9 m-model aangebring.



**Snymeganisme (Blowermower™)**

Falcon Grassmulchers™ het ronde, lae-impak-lemskywe met vier vurkgemonteerde lemme. Die lemme swaai aan spesiale lemboute en busse. Hierdie stelsel verseker dat die lemme te alle tye volkome horisontaal bly, wat skraping voorkom as die snyskyfspoed te laag is.

**Snymeganisme (Rotagang™)**

Die Falcon Rotagang™ beskik oor drie lae-impak-lemskywe, elk met vier spesiale lemme.

**Dryfasse**
Alle masjiene word met gepaste, ten volle beskutte kragaftakkerasse verskaf. Wringkragbeperkende glykoppelaars word verskaf waar dit gespesifiseer word. Opsionele vryloopkoppelaars kan verskaf word indien dit benodig word.

**Snymeganisme (Grassmulcher™)**

**Falcon-ratkas**
Een van die geheime van die sukses van die Falcon-wentelsnyers is dat die F50- en F80-reekse met plaaslik-vervaardigde Falcon-swaardiensratkaste toegerus is. Hierdie ratkaste, wat volledig deur Falcon gebou word, het bewys dat hulle in enige operasie 'n lang, moeitevrye lewensduur het, omdat hulle spesifiek ontwerp is om die uiterste werkstoestande wat in Afrika aangetref word te weerstaan én ook die groter krag van die nuwe-generasie-trekkers wat op die mark kom, te absorbeer. Al die onderdele wat deur Falcon vervaardig word, is vir twee jaar teen fabrieksfoute gewaarborg, en omdat hulle plaaslik vervaardig word, is hulle ook vinnig en maklik bekombaar.